Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 36: *B'ha'alotcha* (בהעלותך) – As Jy Die Lampe Opsteek

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Praat met Aharon en sê vir hom: As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.* Num. 8:1 en 2 – PWL[1]

Torah: Num. 8:1 tot 12:16.

Haftorah: Sag. 2:10 tot 4:7

Nuwe Verbond: Rom. 1:1; Gal. 1:15; Heb. 4:14 tot 5:10; Heb. 7:1 tot 28; Heb. 9:23 tot 25; 1 Kor. 10:10; 1 Kor. 11:1; Open 14:4; Fil. 2:14.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 36 wat afgelaai kan word by: Parashah36Notas14 en by Parashah36Notas15.

The more you have to live for, the less you need to live on. Those who make acquisition their goal never have enough – Sydney Harris.

Contentment is destroyed by comparison – Anonymous.

Our murmuring is the devil's music – Thomas Watson.

Silence is not the same as peace. Silence is the absence of noise, but peace is the presence of YHVH! – Dale Brenner.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Midrash (Torah Bespreking)

In Gees en in Waarheid!

Nou dat Israel op die punt staan om na die Beloofde Land Kanaän te trek, praat YHVH nie meer met Moses op die berg Sinai nie, maar wel van bo die versoendeksel (*mercy seat*; die Toedekking) wat op die ark van die Getuienis is, tussen die twee gérubs uit (Num. 7:89). In die ark was die Getuienis, naamlik die Tien Gebooie (Woorde) en daarom moet ons besef dat elke Woord van YHVH is gefundeer op hierdie Tien Woorde wat die basis van Torah, naamlik van al YHVH se onderrig en instruksies is – van Genesis tot Openbaring!!

In die ou bedeling (die ou verbond) het YHVH deur Moses en die profete met Israel gepraat, maar in hierdie laaste dae praat YHVH met ons deur Sy Seun (Heb. 1:1) – die Woord (die Torah) van YHVH wat vlees geword het (Joh. 1:14).

Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Heb. 1:1 en 2.

Daarom moet ons hoor (*sh'ma*) wat YHVH deur Yeshua sê en dit dan bewaar (*sh'mar*) soos 'n baie kosbare skat sodat ons dit in ons lewenswandel as geregverdigdes kan toepas (*asah*), want ons oorwinnaarslewe op aarde, asook ons ewige lewe hang daarvan af!

Vader praat eerstens met ons deur Sy Woord en tweedens deur Sy Afgesonderde Gees. Daarom is ons verhouding met Vader-God hoofsaaklik gefundeer op ons kennis en insig van Sy Woord, asook ons gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Hoe meer tyd ons spandeer om na YHVH se woorde te luister, soos dit vir ons in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is, en hoe meer ons ywer om daarvolgens te lewe, hoe meer sal ons van die Karakter en Outoriteit van YHVH verstaan en hoe meer intiem sal ons verhouding wees! En dan, die belangrikste, hoe duideliker sal ons die stem van die Afgesonderde Gees hoor!

Moses het die stem van YHVH gehoor en YHVH in Gees en Waarheid gedien! Ons strewe is ook om YHVH in Gees en Waarheid te dien en te aanbid!

Ons lees in Joh. 4:21 tot 24 waar Yeshua met 'n vrou van Samaria praat en die volgende sê:

"Vrou, vertrou My, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Yerushalayim sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie ken nie; Ons aanbid wat Ons ken: Hy wat Lewe is, is vanuit die Jode, maar daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader soek dié wat Hom só aanbid. ***God is Gees en dit is toepaslik dat hulle wat Hom aanbid, in Gees en waarheid aanbid****."*

So dikwels word die volgende uitlating gehoor: *Ons aanbid die Vader in Gees en waarheid!* Dié wat dit sê, glo dan ook dat hulle die ware aanbidders is! Maar verstaan hulle die werklike betekenis van wat hulle sê?

Eerstens moet ons daarop let dat Yeshua praat van die *ware aanbidders* van die Vader. By implikasie beteken dit dat daar ook diegene is wat nie ware aanbidders van die Vader is nie! Met ander woorde daar is diegene wat die Vader aanbid, maar hulle word nie gereken as as ware (egte) aanbidders nie en kan dus beskou word as vals (onegte) aanbidders! Dit herinner aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Mark. 7:6

Wat beteken dit om te aanbid? Om te *aanbid* is *om eer te betoon, te bewonder, verootmoediging; neer te buig; plat op die aangesig in bewondering te lê en 'n nederige onderdanigheid met 'n gesindheid van absolute bewondering*. Hierdie handeling en demonstrasie is egter nie volgens YHVH se maatstaf die bewys van ware aanbidders nie, want die persoon wat 'n afgod aanbid kan op soortgelyke wyse handel (optree). Die handeling, of die wyse wat aanbid word, bepaal dus nie of dit ware aanbidders van YHVH is nie. Nee, ware aanbidders word gekenmerk as diegene wat in Gees en in Waarheid die Vader aanbid! By die wat nie ware aanbidders is nie ontbreek die Gees van God en die Waarheid van God.

Derhalwe moet ons die betekenis van *in Gees en in Waarheid* ondersoek om te verstaan wie ware aanbidders van die Vader is. Die vraag is dus: *Hoe word die Vader in Gees aanbid en hoe word die Vader in Waarheid aanbid*?

In Gees

In sommige vertalings van Joh. 4:23 en 24 word *gees* met 'n kleinletter gespel. Yeshua het egter verwys na die Afgesonderde Gees, want soos diegene wie se harte besny is die Vader in die Gees dien, so moet ons die Vader in die Gees aanbid!

Wees versigtig vir honde; wees versigtig vir werkers van boosheid; wees versigtig vir die vleeslike besnyers, want óns is die besnydenis, die van ons wat God in die Gees dien en roem in Yeshua, Die Gesalfde Een en ons vertrou nie op die vlees nie. (Fil. 3:2 en 3).

Die Afgesonderde Gees is die Karakter en Outoriteit van YHVH soos wat dit in Sy Torah (die wet) openbaar word en in die tien gebooie opgesom word. Yeshua Messias is die vleesgeworde Torah van YHVH (Joh. 1:14). Ware aanbidding is dus Torah gefokus. Ware aanbidding is dus om deur die Gees in die Karakter en Outoriteit van YHVH se Torah soos deur Yeshua vervul is, *eer te betoon, te bewonder, jouself te verootmoediging, neer te buig en met nederigheid plat op die aangesig in absolute bewondering te lê.*

Daarom kan die gelowige wat YHVH se Torah as uitgedien verwerp nie 'n ware aanbidder wees nie, want die Gees is die openbaring van YHVH se Torah wat ons leer en herinner aan alles wat YHVH deur Yeshua gesê het (Joh. 14:26)!! Ware aanbidding sonder die Gees van Torah is onmoontlik!

In Waarheid

Die Afgesonderde Gees is die Gees van Waarheid!

*maar wanneer Hy, **die Gees van die Waarheid**, gekom het….* Joh. 6:13

*...en dit is die Gees wat getuig, want **die Gees is die Waarheid**.* 1 Joh. 5:7

Die Skrifte getuig ook dat YHVH se Torah die waarheid is!!

Die respekvolle vrees van יהוה *is rein: dit hou aan vir ewig; **die oordele (Torah) van** יהוה **is waarheid**: hulle is volkome regverdig.* Ps. 19:10

U onpartydige opregtheid is vir ewig en ***U wet (Torah) is waarheid****.* Ps. 119:142

U, o יהוה*, is naby en* ***al U opdragte (Torah) is waarheid****.* Ps. 119:151

Hiervolgens is dit ook duidelik dat elkeen wat YHVH se Torah verwerp nie in waarheid kan aanbid nie, want YHVH se Torah is die Waarheid!!

Vader-God soek diegene wat Torah-gehoorsaam in Yeshua is, want dit is alleenlik hulle wat Hom in Gees en in Waarheid kan aanbid. Vertroue in Yeshua as Middelaar tot sondevergifnis en versoening met YHVH, en wat opgevolg word deur ‘n sielsbegeerte tot gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, onderskei die ware (egte) aanbidders van die vals (onegte) aanbidders. Diegene wat **nie** in Gees en Waarheid aanbid **nie**, is diegene wat hulself as vry van die Torah van Yeshua beskou.

Geen gelowige kan dus in Gees en in Waarheid aanbid indien YHVH se Torah verwerp word! Die gelowige wat verklaar dat hy vry van YHVH se wet (Torah) is, aanbid met ‘n onrein gees (met onrein lippe) die leuen!

Ons lees in Jes. 6:5 die volgende woorde uit die mond van die profeet Jesaja:

Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe, want my oë het die Koning, יהוה*-Tzva’ot, gesien!”*

Telkens wanneer Israel in Torah-ongehoorsaamheid verval het, het hulle lippe onrein geword, want die woorde wat hulle by Sinai gespreek het, naamlik: *Al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen* (Ex. 24:3), het ‘n leuen geword. Israel se reinheid het in onreinheid verander!

Daarom het Jesaja, toe hy die visioen van die manifistasie van YHVH se Teenwoordigeid in die tempel ervaar het, uitgeroep: *Wee my, ek is vernietig, want ek is ‘n man van onrein lippe en ek woon onder ‘n volk van onrein lippe!* Jesaja het onder die diepe besef van sy eie sonde gekom, asook onder die besef van die sonde van die volk onder wie hy woon, en dus van sy eie onwaardigheid om in YHVH se teenwoordigheid te staan. Jesaja het geweet dat dit wat onrein is (Torahloos is) nie in YHVH se teenwoordigheid kan of mag staan nie.

Maar daar waar daar ‘n besef van sonde, naamlik die oortreding van Torah is wat met opregte berou gepaard gaan, daar is die genade van YHVH oorvloedig. Daarom sê Jesaja:

Toe het een van die serafs na my toe gevlieg met ‘n brandende kool in sy hand, wat hy met ‘n tang van die altaar afgehaal het. Hy het my mond aangeraak en gesê: “Let op, dit het jou lippe aangeraak en jou wetsoortreding is weggevat en jou sonde vergewe.” Jes. 6:6 en 7.

Jesaja se oortreding van Torah (sy sonde) is vergewe deur ‘n brandende kool vanaf die brandofferaltaar – die plek waar daar vir die sondes van die volk geoffer was. Nou het Jesaja se onreinheid in reinheid verander. Sy onrein lippe was nou lippe van reinheid en hy was gereed om as profeet na die volk te gaan om hulle te waarsku van YHVH se naderende strafgerigte indien hulle nie terugkeer tot Torah-gehoorsaamheid nie.

Soos Israel en Jesaja het ons ook as te ware by Sinai gestaan en bely dat *al die woorde wat YHVH gesê het, sal ons doen*. Ons rein lippe het egter in onrein lippe verander weens ons Torah-ongehoorsaamheid. Ons onrein lippe het gemaak dat ons nie in Gees en in Waarheid aanbid nie!!

Wanneer ons egter soos Jesaja met berou tot die besef van ons onreinheid kom, sal ‘n brandende kool van YHVH se brandofferaltaar, naamlik van die folterpaal waaraan Yeshua gehang het tot vergifnis van ons sonde, ook ons lippe aanraak sodat ons weer rein kan word. Wanneer ons dan voortgaan om met ywer die geregtigheid van Torah-gehoorsaamheid soos in Yeshua vervul is te doen, dan is ons ware aanbidders wat YHVH in Gees en Waarheid aanbid!

Onthou: Volgens Hebreeuse denke is Torah-gehoorsaamheid die hoogste vorm van aanbidding! Lofprysing (aanbidding) deur sang en musiek is slegs ‘n uitvloeisel van ware aanbidding deur vertroue in Yeshua en wat in Torah-gehoorsaamheid gefundeer is! Die sigbare handeling tydens aanbidding en die demonstratiewe wyse wat aanbid word, bepaal dus nie of ons ware aanbidders van YHVH is nie.

Nota: Lees ook die artikel: *Met Watter Gees Is Jy Gevul*? wat afgelaai kan word deur op die volgende skakel te kliek GB1.Jan14WatterGees **.**

Bepeins of Bespreek

1. Meestal word aanbidding beskou as musiek en sang wat dikwels ook gepaardgaan met dans en die swaai van banniere (vlae). Ons moet in die verband egter daarop bedag wees dat musiek en sang emosies kan verwek wat dikwels foutiewelik as die werking van die Afgesonderde Gees beskou word. Ons kan maklik verlei word om te dink dat dit wat ons ‘voel’ of ervaar, is YHVH se nabyheid of teenwoordigheid. Ware aanbidding is nie afhanklik van menslike vermoëns of talent nie! Dit kan wel genotvol wees en die vlees stimuleer, maar soos alle aardse dinge is dit tydelik van aard en nie vervullend nie.

2. Is aanbidding in Gees en in Waarheid grootliks vervang met vermaak? Byeenkomste raak ‘n sielservaring en nie ‘n ware geestelike ervaring wat ‘n blywende innerlike verandering tot gevolg het nie! Verwys ook 2 Tim. 4:3 en 4.

3. Lees Num. 12:8. YHVH het met Moses (as profeet) direk (hoorbaar) gepraat – mond tot mond, openlik en nie deur raaisels nie! Met geen ander profeet van die ou verbond het YHVH op die wyse gepraat nie. Wanneer Moses dus met die volk gepraat het, was dit so goed soos YHVH self wat gepraat het.Ten spyte van hierdie voorreg was Moses baie nederig, meer as al die ander mense op die aardbodem (Num. 12:3)! Daarom is Moses ‘n sinnebeeld van Yeshua wat ook direk van die Vader gehoor het. Soos Moses het Yeshua gekom om te dien en nie gedien te word nie (Matt. 20:28) en spreek Hy slegs dit wat Hy by die Vader gesien het (Joh. 8:38). Vandag praat die Vader ook direk met ons deur Sy Woord – openlik en nie deur raaisels nie! Soos Israel van ouds hoor ons, maar ons doen nie wat YHVH vir ons sê nie.

Genesing Van Die Tong

Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יהוה en toe יהוה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יהוה het onder hulle gebrand en sommige aan die kant van die kamp verteer. Die volk het daarom na Moshe uitgeroep en Moshe het ingetree by יהוה en die vuur is geblus. Num. 11:1 en 2.

Die onmiddelike vraag is of Israel hoegenaamd rede gehad het om te kla? Het YHVH dan nie in al hulle behoeftes voorsien nie?! Soos die gesegde lui:

The hardest arithmetic to master is that which enables us to count our blessings – Eric Hoffer.

Het Israel vergeet waarvoor hulle dankbaar moet wees? Het Israel genesing van hulle tonge nodig gehad? Het jou en my tong genesing nodig?

Vreemde vraag? Jou waarskynlike reaksie is: Nee, my tong het nie genesing nodig nie. Die waarheid is egter: Ja, waarskynlik het jou tong genesing nodig!

Wat word bedoel met *Die Genesing van die Tong*? Hierdie vraag kan soos volg beantwoord word: In die Afgesonderde Skrifte word veral na die tong verwys as die woorde wat uit jou mond kom en hierdie woorde het skeppingskrag!

Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur. Jak. 3:6.

Die woorde van jou mond is die manifistasie en verbalisering van dit wat in jou hart is. Soos die spreuk lui: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor! In dié verband verwys jou hart na jou siel, met ander woorde jou wil, kennis, denke en emosie. Jou woorde is dus die verbalisering van wat in jou siel is. Die eintlike vraag is dus of jou siel genesing nodig het?

Jou siel is jou totale persoonlikheid – dit is wie jy werklik is. Daarom sal jou woorde ook deur jou handeling (optrede) bevestig word.

Wat is die inhoud van die woorde wat uit jou en my mond kom? Bevat dit lewe of bevat dit dood? Spreek jou tong lewe (seëninge, dankbaarheid, vergifnis, liefde, ens.) of spreek dit dood (vloeke; oordele, verwyte, murmurerings, ondankbaarheid, beskuldigings, ens.).

Maar omrede jou woorde egter met jou siel verbind word, is die eintlike vraag: Wat is die inhoud van jou siel (hart)? Indien die woorde van jou mond dood spreek, het jou tong genesing nodig. Jou tong kan egter net genees word indien die oorsaak behandel word. Die oorsaak is die siel!

Ons lees in Spr. 18:21 die volgende:

Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. AOV; 1953.

Hiervolgens is duidelik dat 'n mens se woorde bepalend is ten opsigte van lewe (seëninge) en dood (vloeke). Ons woorde gaan die vrug dra van lewe of die vrug dra van dood! Dit is ons elkeen se keuse!

Die vrug van Israel se murmurering oor die manna (Num. 11:1 tot 6) was die dood van talle. In die oorvloed kwartels – genoeg vir een maand (Num. 11:18 tot 22) – het die dood geskuil!

Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה *teen die volk ontbrand en* יהוה *het die volk met 'n baie ernstige plaag geslaan.* Num. 11:33.

Israel het genesing van hulle tonge nodig gehad! Hulle wil, denke en emosie het genesing nodig gehad! Dit wat na oënskynlike oorvloed gelyk het, was inderwaarheid 'n vervloeking!

Hulle was verblind vir die waarheid vanweë hulle gierigheid (wellus). Hulle sielsrealm het oor die geestelike geheers!

Hierdie was ‘n les om dankbaar te wees vir dit wat YHVH vir hulle gedoen het en steeds besig was om te doen! Dit is vandag vir ons elkeen ook ‘n les! Hierdie is een van die dinge waarna Paulus in sy brief aan die Korinthiërs verwys toe hy geskryf het:

Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. Hierdie dinge is ’n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie. 1 Kor. 10:5 en 6.

Rabbie Kalman Packouz verduidelik dit soos volg:

> *When one focuses only on what he is missing, he blinds himself to what he does have. No matter how much you do have, there will always be something to complain about if you look hard enough. This attitude is not merely a means by which a person causes himself a miserable existence. It is a direct contradiction to our obligation to be grateful to the Almighty. Anyone having this negative attitude must make a concerted effort to build up the habit of appreciating what he has and what happens to him. This is crucial for both spiritual reasons and for happiness in life.*

Ondankbaarheid kan die graf word wat ons vir onsself grawe!! Dan moet ons ook onthou dat ‘n gemaksugtige geloofslewe bestaan nie! As studentevolgelinge van Yeshua, en as koninklike priesterdom van Melgisédek, is ons in ‘n geestelike stryd gewikkel terwyl ons in die wildernis van hierdie lewe is (Efes. 6:10 tot 18). En laastens, ons moet nie murmereer nie wanneer die Vader op Sy wyse voorsien en ons moet versigtig wees wat ons van Hom vra!

Mirjam, die suster van Moses, is ‘n verdere voorbeeld van die gevolge van die siekte van die tong wat uit die sielsrealm praat!

Miryam en Aharon het teen Moshe gepraat vanweë die Kushietiese vrou wat hy getrou het, want hy het ’n Kushietiese vrou getrou en hulle het gesê: “Het **יהוה** *werklik alleen deur Moshe gepraat? Het Hy nie ook deur ons gepraat nie?”* **יהוה** *het dit gehoor.* Num. 12:1 en 2.

Mirjam was skuldig aan kwaadspraak (*l’shon hara*) teenoor Moses en die gevolg was dat YHVH haar gestraf het met ‘n veltoestand bekend as melaatsheid[2].

Die woede van יהוה *het teen hulle gebrand en Hy het weggegaan. Toe die wolk van die Tent af teruggetrek het, let op, Miryam was melaats, soos sneeu. Aharon het na Miryam gedraai en gesien sy is melaats!* Num. 12:9 en 10.

L’shon hara se letterlike betekenis is *die bose tong* en beteken om van iemand te skinder of om lasterlike dinge te sê of om die spot met iemand te dryf of om valse getuienis teen jou naaste te bring nie. Dit beteken ook om ‘n *handelaar in woorde te* wees. Daarom lees ons in Lev. 19:16 die opdrag:

[2] In Torah is melaatsheid (*tsara’at*) egter ‘n oertipe van alle siekte toestande. Dit simboliseer ook die sonde-toestand van progressiewe verrotting (aftakeling) en uidendelik die dood. Melaatsheid soos in Torah beskryf word, moet daarom beide fisies en geestelik gesien word. Daarom word *tsara’at* uitgesonder as die toestand van onreinheid – fisies en geestelik. ‘n Meer volledige bespreking van melaatsheid is in Parashah 27 wat by hierdie skakel afgelaai kan word: Parashah27Notas14

Jy mag nie as 'n storiedraer onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is **יהוה**.

Wat met Mirjam gebeur het is bevestiging dat ons woorde skeppingskrag het. Dit wat jy in jou hart glo en met jou mond sê, beïnvloed jou lewe en omstandighede. Die korrekte gebruik van jou tong sal jou lewe en omstandighede positief beïnvloed. Die teenoorgestelde is egter ook waar. Daarom het ons almal genesing van die tong nodig, maar ons wil, denke en emosie moet eerstens genees word sodat ons die dinge kan bedink wat in die hemel is – volgens die Vader se hart is – en nie wat op die aarde is nie (Kol. 3:2). Daarom moet ons die volgende onthou:

'n Helende tong is 'n boom van lewe en hy wat van sy vrugte eet sal daardeur gevul word.
Spr.15:4.

Die tong is 'n klein ledemaatjie wat 'n groot invloed op ons fisiese en geestelike lewe het. Daarom moet ons leer om ons tong te beheer! Laat ons elkeen die woorde van Jakobus met erns bepeins terwyl ons selfondersoek doen.

Daar moenie baie leermeesters onder julle wees nie, my broers, want julle weet dat ons 'n groter beoordeling sal ontvang,
want ons almal struikel dikwels. Elkeen wat nie struikel in wat hy sê nie; hy is 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam te beheer.
Let op, ons sit stange in die perde se bekke sodat hulle ons gehoorsaam kan wees en ons draai hulle hele liggaam daarmee.
Ook soos skepe, magtig en deur sterk winde voortgedryf, deur 'n baie klein, harde stukkie hout gestuur word net waarheen die stuurman wil;
net so is die tong ook 'n klein ledemaatjie en het heerskappy. 'n Klein vuurtjie steek 'n groot woud aan die brand!
Die tong is ook 'n vuur en die wêreld van boosheid soos 'n oerwoud. Die tong op sy eie onder die lede, besmet ons hele liggaam en dit steek die opeenvolgende generasies aan, wat soos wiele voortrol en brand soos vuur,
want die natuur van alle soorte wilde diere, voëls, reptiele, sowel as seediere, word getem deur die menslike natuur,
maar die mens is nie in staat om die tong te tem nie. Dit is onbeheerbaar boos, vol dodelike gif.
Daarmee seën ons יהוה*-die-Vader en daarmee vervloek ons mense, wat gemaak is na die beeld van God.*
Uit dieselfde mond kom seëninge en vervloeking. Dit, my broers, behoort nie so te wees nie.
Is dit moontlik dat uit dieselfde fontein vars en bitter water uitkom?
Of kan 'n vyeboom, my broers, olywe dra, of 'n wingerdstok, vye? Net so word bitter water nie soet gemaak nie.
Jak. 3:1 tot 12.

Opsommend: Die wyse waarop die siel sigbare uiting gee, is deur optrede (dade of handeling) en woorde (praat of skryf). Beide optrede en woorde vloei voort uit dit wat in die mens se sielsrealm gevestig is. Die mond en tong (bedoelend die mens se vermoë om te praat) het meer as enige ander orgaan `n direkte invloed op die mens se fisiese en geestelike welsyn. Dit wat deur die mond ingeneem word, bepaal grootliks die mens se fisiese gesondheid.

Terwyl dit wat by die mond uitgaan, by wyse van wat gesê word, bepaal grootliks die mens se geestelike welsyn.

Bepeins of Bespreek

1. Indien Israel ‘n maand of meer se voorraad van manna sou kon opgaar, sou hulle nie meer vir YHVH vertrou het om in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. Yeshua het ons geleer om te bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Verwys ook Matt. 6:19 en 20 – maak hemelse skatte bymekaar. Verwys ook die gelykenis van die ryk dwaas (Luk. 12:13 tot 21). Ons moet die Vader vertrou om in ons daaglikse behoeftes te voorsien, maar ons moet ook deur harde werk en beplanning voorsiening maak vir ons daaglikse behoeftes. Hoe is hierdie twee met mekaar versoenbaar? Is die antwoord Deut. 8:11 tot 20?

2. Bill Bullock (The Rabbi’s Son) skryf die volgende:

   > A wise man learns to distinguish between the behaviours, endeavours, material things, ideas, subjects of conversation, and substances of ingestion that improve the atmosphere of the world around him on the one hand, and those that tend instead to increase the amount of darkness, frustration, confusion, sorrow, anxiety, greed, angst, offense, outrage, oppression, lust, and perversion within his sphere of influence on the other hand. Empowered by this discernment, the wise man intentionally makes choices that lead to life, health, and peace for himself and for others. The world is a better, healthier, more fruitful place as a result.
   >
   > The foolish man is just obsessed with what he wants and doesn't want, likes and doesn't like, believes and doesn't believe, and feels and doesn't feel. As a result, he has lost all concept of – and any concern about – the potential effect, for good or for evil, of behaviours, endeavours, material things, ideas, subjects of conversation, and substances of ingestion on the world and the people around him. His choices therefore usually make himself and others miserable. **Creation therefor cringes every time he speaks and the world around him gets a little sicker every time he interacts with it**.

   Is jou woorde, optrede en invloed op jou geliefdes, vriende en omgewing die van die wyse man of die van die dwase man?

3. The tongue is an instrument so dangerous that it must be kept hidden from view, behind two protective walls (the mouth and teeth) to prevent its misuse. Nothing is more frequently "opened by mistake" than the mouth. Ons het twee oë, twee ore en twee neusgate, maar wie wil twee monde hê?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.